CCPS An AIChE Technology Alliance
Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap vir bedryfspersoneel

Die uitgawe is geborg deur:
ioMosaic
www.iomosaic.com

Junie 2011

# Is jou aanleg voorbereid vir 'n natuurramp?

Aardbewings, siklone, tornados, tsunamis en vloede is natuurrampe waarvan ons gereeld in die pers lees. Die tipe katastrofes kan verskriklike direkte skade aanrig, maar ook indirekte skade aan aanlegte wat gevaarlike chemiese stowwe stoor en prosesseer. Weet jy watter natuurrampe jou aanleg dalk kan tref? Is jy voorbereid vir so 'n ramp en weet jy hoe om te herstel daarna?

1 – Brand by 'n olie rafinadery in Japan na die Tōhoku aardbewing van 11 Maart 2011;
2 – 'n Tornado in Oklahoma;
3 – 'n Veldbrand in California;
4 – Skade aan die Fukushima kernkragaanleg na die aardbewing van 11 Maart 2011.

1


2


3


4


## Het jy geweet?

Die 2010 verslag "Flirting with Natural Disasters" van FM Global, een van die grootste versekeraars van industriële eiendom, bespreek die redes waarom maatskappye faal om behoorlik voor te berei vir natuurrampe. Onder andere het hulle bevind:

- Mense onderskat die risiko van natuurrampe – hulle dink "dit sal nie hier gebeur nie".
- Hoe meer tyd verby gaan sonder dat daar 'n ramp was, hoe makliker raak dit om die waarskynlikheid daarvan te ontken.
- Maatskappye oorskat gewoonlik hoe goed hul voorbereid is op 'n natuurramp.
- Maatskappye fokus op die herstel na die ramp eerder as om voorkomende planne te maak om die skade te beperk.

## Wat kan jy doen?

- Verstaan die direkte impak wat 'n natuurramp op jou aanleg kan hê, asook die impak van onderbreking van utiliteite as gevolg van die ramp.
- Hersien die aanleg se noodplanne vir rampe. Maak seker dat die planne sin maak – is dit prakties moontlik om te doen wat verwag word in die beskikbare tyd en met die beskikbare hulpbronne? Bespreek dit met bestuur as daar dinge is wat jou bekommer.
- Maak seker noodtoerusting en -klere nodig om op die ramp en sy nadraai te reageer is beskikbaar en in goeie toestand, gereed vir gebruik.
- Neem deel aan die ramp-voorbereiding en oefening, neem dit ernstig op en rapporteer enige probleme wat jy opmerk gedurende die oefeninge.

FM Global se verslag kan afgelaai word by:

*www.fmglobal.com/disaster*

***"An ounce of prevention is worth a pound of cure." - Benjamin Franklin***

AIChE © 2011. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**